**Aandag!**

Laat u raket deur ons deskundige hersnaar en herstel. Ons waarborg tevredenheid of u geld terug.

**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
Pleinstraat - Stellenbosch

DIE

# Matie

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL V, No. 22. VRYDAG, 19 OKT. 1945. Prys 1d.

**BESTE DIENS**
vir
**FIETSE, RADIO'S ENS.**
[illegible] verkrygbaar
**H. VILJOEN**
PLEINSTRAAT

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

# Weg Met Kleurlingskeidslyn aan U.K.

—SÊ N.U.S.A.S.

## En S.V.R. Sing Saam

**'n Langgerekte twispunt aan die Universiteit van Kaapstad het tot skielike finaliteit geraak op die eerste vergadering van die pas-saamgestelde S.V.R. van U.K. Die sosiale en akademiese status van die nie-blanke was in die afgelope jaar gedurig in die weegskaal, veral daar die Studenteraad wat gedurende die jaar werksaam was, oorwegend na kleurskeiding aan die Universiteit oorgehel het. Die jongste besluit van die nuwe S.V.R. het egter algehele gelykstelling vir die nie-blanke gewaarborg — vir hoe lank weet ons nie; ons kan maar net hoop dat die studentemassa aan U.K. sal wakkerskud en handelend optree om die voortbestaan van 'n blanke Universiteit te waarborg**

Op Dinsdagaand, 9 deser, is met 'n groot meerderheid deur die nuwe S.V.R. besluit om steun te verleen aan N.U.S.A.S. en sy houding teenoor die naturelle-universiteit, Fort Hare, 'n houding wat berus op die N.U.S.A.S.-besluit in dié verband op die jongste konferensie. Soos die „S.A. Student," amptelike blad van N.U.S.A.S. dit kortliks in hooflyne stel: „At July Council Meeting N.U.S.A.S. Threw Away It's Old Hesitations and Decided That Fort Hare Should Be Included."

### VORIGE BESLUITE HERROEP

'n Verdere besluit verklaar alle S.V.R. besluite wat sedert Maart 1940 geneem is aangaande die nie-blanke kwessie aan N.K., ongeldig. Wat die Universiteit van Kaapstad self betref kom dit dus daarop neer dat naas die bestaande akademiese gelykstelling (met enkele prysenswaardige uitsonderings bv. mediese klinieke vir blankes) wat daar aan genoemde Universiteit bestaan, daar nou ook algehele sosiale gelykheid aan die nie-blanke studente verleen word. Dit beteken dus dat nie-blankes aan U.K. voortaan, naas die feit dat hulle saam met blankes op dieselfde lessenaars akademiese onderrig ontvang, ook die reg sal hê om saam met blanke studente aan sport- en sosiale bedrywighede, soos danse, ens., deel te neem.

### WYERE IMPLIKASIES

Na ons verneem het dié S.V.R.-besluit egter ook wyere implikasies rakende die verhouding met ander universiteite. U.K. was een van die universiteite wat onlangs saam met ander universiteite (Stellenbosch ingesluit) tot die ooreenkoms geraak het om 'n sentrale studente-organisasie daar te stel vir die reëling en behartiging van sportbetrekkinge tussen die verskillende S.A. universiteite. Hierdie ooreenkoms berus op 'n basis van algehele kleurskeiding op inter-sportbyeenkomste, en kom dus hier in die gedrang.

### WAT MOET U.S. DOEN?

U.K. het na lang onsekerheid en na lange reekse besluite, wat nou almal herroep is, tot finaliteit gekom en die kleurskeidslyn algeheel verwerp. Die identiese rede vir die verbreking van betrekkinge tussen U.S. en Wits enkele jare gelede doen hom dus nou aan U.K. voor. **Die tyd het dus gekom dat die verhouding tussen ons Universiteit en Universiteit Kaapstad deeglik in heroorweging geneem moet word.**

Die benoemde afvaardiging om die Senaat in verband met die kleurkwessie aan U.K. te bespreek (bestaande uit mnre. Reid, namens oudsoldate, Stofer, namens sosialistiese studenteparty, en Holtman, verteenwoordiger van die apartheidsgroep) moet egter nog hulle taak verrig en ons kan slegs belangstellend verwikkelings afwag.

**Maar intussen moet ons die toestand baie nugter in oorweging neem.**

## PREDIKATEDAG

**Daar sal vanjaar geen Predikatedag wees nie. Klaspredikate word bekend gemaak op dieselfde dag as die klassluiting, op 2 November.**

## Die Paul Roos-Gimnasium

Die hoeksteen van die Paul Roos-Gimnasium is op Woensdag, 17 Oktober, deur die voormalige rektor gelê.

Na die hoeksteenlegging het die verrigtings by die Stadsaal 'n aanvang geneem. Die openingswoord is gedoen deur dr. W. de Vos Malan, S.G.O.

'n Groot verskeidenheid van artikels is te koop aangebied, en die sykraampies het groot aandag geniet. Onder andere is 'n klankfilm ook elke halfuur vertoon. Elke klas was verantwoordelik vir 'n tafel, en 'n prys is uitgeloof vir die tafel wat die grootste bedrag ingebring het. Baie artikels is deur die kinders self vervaardig, en baie produkte is gestuur uit die ander provinsies sowel as uit Suid-Wes-Afrika en Rhodesië. Verskillende veelkleurige kennisgewings het die saal versier, en die publiek laat twyfel waar om eerste te begin koop. Die kafé is goed ondersteun, en die orkes, onder leiding van mnr. Steyn, het groot byval gevind.

Die bedrag wat gemaak is, is nog nie bekend nie, maar die kollektelyste het alreeds 'n mooi som beloop. Wyle dr. Bosman het £1,000 geskenk, terwyl die Roos-familie £500 gegee het.

Ons wens mnr. Blignault, die Rektor, en die skool van harte geluk met hulle geslaagde onderneming!

## Plekbespreking

Plekbespreking vir die Desembervakansie, wat gedurende die week op die 1ste vloer van die Administrasiegebou kan plaasvind, sluit môreoggend om 11.30. Hou egter in gedagte, voordat u finaal u plek bespreek, dat daar vanaf 27 Nov. tot 8 Des. weer 'n Arbeidsdienskamp gereël word in Paarl-distrik, en al is dit maar vir 'n gedeelte van die tyd, u dit behoort by te woon. Vir verdere informasie sien kennisgewingborde.

### MNR. M. F. TOERIEN.

Tot ons innige leedwese verneem ons dat mnr. Toerien, waarnemende redakteur van die Afrikaanse Woordeboek, aan 'n ernstige hartaanval ly. „Die Matie" wens hom van harte 'n spoedige en volkome herstel toe.

## U.S. Redenaarsbekers

Verlede Saterdagaand het mej. Marionne Brown die Junior-redenaarsbeker verower. Mnr. Pieter de Kock het die tweede beste gevaar.

Die Senior-redenaarsbeker is verower deur mnr. Bertie Heyns, met mnr. Luther van As in die tweede plek. Met hierdie byeenkoms wat verlede Dinsdagaand in die Huishoudkundesaal gehou is het die U.S. Debatsvereniging sy werksaamhede van die jaar afgesluit.

Die bestuur vir 1946 is as volg:— Luther van As (voors.), Bertie Heyns (ondervoors.), Pieter de Kock (sek.), mej. M. Brown (asst.-sek.), met die volgende add. lede: Mej. Jeanne van der Horst, mnre. M. van Tonder, James Oglethorpe en A. P. Kriel.

## W.V.U S. Kies Bestuur

Op 'n vergadering van die W.V.U.S. waar dr. de Vos 'n interessante en leersame uiteensetting van die Atoombom gegee het, is die bestuur van 1946 gekies.

Dr. P. de Vos is benoem tot president terwyl die bestuur as volg saamgestel is. Mnr. W. M. H. Rennhackkamp (voors.) Raoul de Villiers (sekr.), Hannes Louw (asst.-sekr.), A. S. Brink (tes.), mej. Stegmann (add. lid).

Die W.V.U.S. het met hierdie vergadering, wat met dr. de Vos se lesing 'n hoogtepunt bereik het, 'n baie vrugbare jaar afgesluit. Hulle stel 1946 in vooruitsig om nog nader aan die spreekwoord te kom: ampliora et altiora! („meer en hoër!")

## Huiskomitees 1946

„Die Matie" wens die lede van die Huiskomitees vir 1946 geluk te wens met hulle verkiesing — Ons glo hulle gaan meewerk om weereens eenheid en samewerking in die Studente-unie te bewerkstellig!

DAGBREEK:
Danie Moolman (primarius).
Bun Booyens (vise-prim.)
W. Rennhackkamp.
Osie Oosthuysen.
Jan L. de Villiers.
Dawid v. d. Merwe.
Jan Horne.
Jan Hanekom.
Chris Botha.

HUIS DE VILLIERS:
Ferrie Brecher.
Bonnie Engel.
Eugenie Fraser.
Elma Gerdener.
Elsine Potgieter.
Lenie Roos.
Rykie van Schalkwyk.

**Besoek DIE UITSPAN**

**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop**

**DIE UITSPAN is 'n besoek werd!**

## 'n Heerlike Maaltyd!

„Wel, die kos was geurig voorberei en die gaste het dit geniet!"

Kan dit van u maaltyd gesê word?

Vandag studeer u hoe om voedsel voor te berei.

More is u die huisvrou wat u gaste moet onthaal.

Ons het 'n groot versameling van boeke wat oor die kookkuns handel. Dit sal u loon om 'n besoek aan ons winkel te bring.

Kom kyk na hierdie boeke:

MANAGING THE HOME
W. L. Studley ...... Prys 13/6

THE COUNTRY COOK BOOK
B. Brown ...... Prys 10/6

HOUSEHOLD COOKERY FOR SOUTH AFRICA
M. Higham ...... Prys 10/6

COOKING CRAFT
S. E. Nash ...... 11/-

THE PRACTICAL COOKERY BOOK FOR SOUTH AFRICA
S. van H. Tulleken. Prys 12/6

MRS. SLADE SOUTH AFRICAN COOKERY BOOK
Prys 10/-

A LABORATORY HANDBOOK FOR DIETICS
M. S. Rose ...... Prys 15/9

FEEDING THE FAMILY
M. S. Rose ...... Prys 23/-

# DIE C.S.V-BOEKHANDEL

PLEINSTRAAT
STELLENBOSCH



# Die Plaza

Foon 0013

MEET ME IN
ST. LOUIS
JUDY GARLAND
MARGARET O'BREIN
VRYDAG en SATERDAG
19 en 20 OCT.
Matinee Saterdag



**PROBEER**

*ons*

*VERKOUE-EN INFLUENSA-GENEESMIDDEL*

*2/6 per Bottel*

JOERNING en SEUN (EIEND.) BPK.

Foon 24

GESTIG 1850



**DIE MATIE**

Alle Korrespondensie aan:

DIE REDAKSIE,
„DIE MATIE,"
Posbus 197,
STELLENBOSCH.

Deel V. 19 Okt. 1945. No. 22.


## N.U.S.A.S AAN U.K.

Te oordeel na die berig dat die V.S.R. van die Universiteit van Kaapstad besluit het om voortaan volle steun aan N.U.S.A.S. te verleen en om die N.U.S.A.S.-beleid ten opsigte van Fort Hare prakties in die Universiteit van Kaapstad toe te pas, het N.U.S.A.S. begin met 'n nuwe veldtog teen die nasionale Afrikaanse studentedom.

N.U.S.A.S., die liberale studente-organisasie, wat die belange van al die seksies van ons bevolking aan die universiteite en kolleges moes behartig, sou ontrou aan sy eie beginsels gewees het indien hy lidmaatskap aan nie-blankes geweier het. Dit kon natuurlik nie van 'n liberaaldenkende persoon verwag word om in te sien dat deur die toepassing van hierdie liberale beginsels, verraad gepleeg is teenoor die blanke beskawing nie. En tog ten spyte van hierdie liberalistiese beginsels, het die blanke lede van N.U.S.A.S nie die, vir hulle so afkeurenswaardige, houding van meerderwaardigheid ten opsigte van die nie-blanke laat vaar nie. Sonder meer word deur hulle aangeneem dat hulle vorm van beskawing vir al die volkere van die wêreld die beste is, en reik hulle nou, ewe neerbukkend, die hand na hulle minder bevoorregte broers om hulle uit hulle eie barbaarse beskawing te red. Hiervoor sal hulle voorwaar nie in die toekoms bedank word deur 'n nie-blanke met 'n gevoel van nasionale trots en eiewaarde nie.

Nie alleen het N.U.S.A.S. deur hierdie beleid 'n ondiens aan die nie-blankes bewys nie, maar het hulle ook alle nasionale Afrikaner- studente uit hulle geledere gedrywe. Hierdie moontlikheid het hulle gevrees, en daarom het hulle beleid van gelykstelling in die begin nie betrekking gehad op die sportvelde en die sosiale bedrywighede nie, maar was dit „offisiëel" beperk tot die kongressaal. Heel moontlik is hierdie nog nie die offisiële beleid van N.U.S.A.S., dog die V.S.R. van die Universiteit van Kaapstad meen dat dit nou meer algemeen toegepas moet word, soos blyk uit hulle besluit dat nie-blanke studente voortaan saam met blankes mag deelneem aan sport en ander sosiale bedrywighede. Die gees van N.U.S.A.S. word dus uiteindelik in sy ware kleure vertoon aan U.K.

Hierdie besluit kan beskou word as 'n frontaanval op die kultuur en tradisies van die Afrikanerstudent. Tog bly dit nie hierby nie, want aan ons eie Universiteit, waar so 'n aanval nie gewaag kan word nie, word gebruik gemaak van die infiltrasietaktiek. Vir 'n hele aantal jare was daar geen N.U.S.A.S.-tak aan hierdie Universiteit nie; vandag bestaan daar so 'n tak. En dit sou dwaas wees om aan te neem dat die beleid van hierdie tak van die offisiële beleid van N.U.S.A.S. verskil. Bloot die feit dat daar studente gevind kan word om by die plaaslike N.U.S.A.S.-tak aan te sluit, bewys dat die N.U.S.A.S.-ideale reeds by 'n klein aantal van ons studente ingang gevind het, en die moontlikheid bestaan dat die getalle kan aangroei.

Die enigste studente-organisasie wat in die verlede op georganiseerde wyse, vir N.U.S.A.S. beveg het, was die A.N.S., omdat die A.N.S. besef het dat indien die hoër opvoedings-inrigtings van ons land N.U.S.A.S-gesind sou raak, die Afrikaner-saak daardeur bykans onherroeplik verlore sou wees. Vandag is dit eenvoudig die geval dat by verreweg die meeste leiers op elke gebied van die lewe gevind word onder mense wat universitêre opleiding geniet het. Ook kan niemand betwis nie dat watter staatstelsel daar ook al in 'n land mag bestaan die erkende leiers die meeste invloed op die vorming van die publieke opinie het nie. Indien N.U.S.A.S. dus daarin sou slaag om al die universiteite en kolleges in ons land te verower, wat goddank nooit sal kan gebeur nie, sou die Afrikaner-saak in ons land verlore wees. Ons is oortuig daarvan dat die Afrikanersaak nie verlore is nie, omdat daar in die verlede nog altyd manne was wat onder die diepe besef van hulle verantwoordelikheid, leiding gegee het in die strewe vir die voortbestaan van die Afrikanerdom. Ons glo nie vir een oomblik dat die studente-massas wat selfs vandag nog geen blyke gee van 'n ernstige besef van die gevaar waarin die blanke beskawing in Suid-Afrika verkeer, nie een dag sal wakker skrik nie. Ons enigste hoop is net dat hierdie ontwaking nie te laat mag geskied nie.

# 'n Stellenbosse Waterskema met 'n Dramatiese Verloop

Nog selde het die belastingbetalende publiek van Stellenbosch so 'n spannende, leersame en by wyle vermaaklike opvoering bygewoon soos op 19 September l.l. in die Banketsaal van die plaaslike Stadhuis. Daar was, om dit so uit te druk, twee toneelgeselskappe, wat aan die opvoering deelgeneem het en wat mekaar pragtig aangevul het: op die verhoog die vroede stadsvaders onder regie van die tweetalige Burgemeester; in die saal 'n gevatte en geestige ook op die verhoog saam met die raadslede gesit het.

Dit het dadelik geblyk dat die publiek nie oortuig was deur die verklaring van raadslid Hofmeyr nie en hoegenaamd nie geneig was om die voorgestelde skema te aanvaar nie. Hulle het die koste te hoog gevind vir so 'n belaglik kleine voorraad water en wou meer weet omtrent die moontlikheid van alternatiewe skemas. Spontaan spring toe die altyd jeugdige, twee-en-tagtig

## Deur Toeskouer

publiek, wat hom nie knolle vir sitroene laat verkoop het nie, onder leiding van vakmanne wat dadelik getoon het dat hulle weet waarvan hulle praat.

Die geleentheid was 'n vergadering van die Stadsraad met die grondeienaars van Stellenbosch om van hulle magtiging te verkry om 'n groot lening aan te gaan met die doel om die boonste gedeelte van die plaas Idasvallei aan te koop vir die som van £27,000, met nog 'n paar aangrensende persele vir £13,000, om daar 'n opvangdam te bou om 'n ekstra voorraad water, van ongeveer 40,000,000 gellings, vir die droë maande van die jaar op te gaar. Die water sou hoofsaaklik aangevoer word deur 'n pyplyn, ongeveer ses myl lank, van 'n plek in die Eersterivier 'n ent bokant die dorp, gedurende die wintermaande. Die hele skema sou volgens 'n konservatiewe berekening minstens £130,000 kos.

Nadat raadslid Hofmeyr op versoek van die Burgemeester, mnr. W. A. Krige, die algemeen gunstige finansiële toestand van die munisipale fondse verduidelik het, waarby hy 'n wonderbaarlike geheue vir syfers aan die dag gelê het, het hy ook met behulp van nog meer syfers probeer aantoon, dat verreweg die geskikste en ook die goedkoopste skema die voorgestelde in Idasvallei is. 'n Alternatiewe skema in die Jonkershoekvallei was ook wel onder die aandag van die Stadsraad, maar dit is deur die Stadsraad uitgeskakel op grond van 'n kort en summier advies van 'n deskundige, ingenieur Shand van Kaapstad, wat

jarige oom Japie Krige op en sonder om op die voorgestelde skema in te gaan, wys hy op die moontlikheid van 'n ander en beter skema, nl. in die Jonkershoekvallei, wat reeds baie jare gelede deur 'n vorige stadsingenieur van Kaapstad aanbeveel was.

Na hom het dr. Taljaard met 'n paar heldere, wetenskaplik gestelde vrae, soos dit 'n geoloog pas, die voete van die konsulterende ingenieur onder hom uitgeslaan deur duidelik aan te toon dat hy die moontlikheid van 'n skema in die Jonkershoekvallei nie aan 'n deeglike opname onderwerp het nie en dat hy dit na 'n ewe oppervlakkige en onwetenskaplike ondersoek afgekeur het as wat hy die skema in Idasvallei aanbeveel het.

Prof. Reinecke het toe op kalme, besadigde wyse die wenslikheid van die soek na alternatiewe skemas aanbeveel. Naas dié in die Jonkershoekvallei, b.v. aansluiting by en medewerking met die stadsraad van Paarl en Kaapstad, met die oog op die ryke watervoorraad van Wemmershoek. 'n Pyplyn na Kaapstad sal slegs agt myl van Stellenbosch verbygaan.

Die hoofrol van die aand was egter aan prof. Scholtz toevertrou. Nadat 'n paar studente, met verlof van die Voorsitter, klein skaaltekeninge aan die publiek uitgedeel het, waarop die voorgestelde skema en 'n moontlike skema in die Jonkershoekvallei aangegee word, het prof. Scholtz as 'n egte dosent voor sy klas opgetree en met 'n stok in die hand en 'n ingekleurde kaart op die verhoog met skaalmodelle daarby wat die groottes van die twee skemas aangee en vergelyk, duidelik aangetoon dat die Jonkershoekskema 'n deeglike ondersoek werd is. Hier kan nie slegs 40 miljoen maar van 500 tot 3,000 miljoen gellings water opgegaar word en wat die toekoms van die dorp en 'n groot deel van die distrik betref, sal 'n waterskema van hierdie omvang die hele vraag op 'n baie meer bevredigende en duursame wyse oplos.

Hierna het prof. A. C. Cilliers 'n samevattende voorstel aan die Raad en die publiek voorgelê, wat baie duidelik die gevoelens van die hele gehoor op daardie stadium vertolk het, nl. dat die belastingbetalers alle moontlike skemas deeglik ondersoek wil hê voordat enige verdere uitgawe deur die Raad aangegaan word.

Toe het daar 'n skielike en byna komiese ommeswaai in die houding van die Raad plaasgevind. Selfs nadat 'n oud-rektor en raadslid nog 'n laaste patetiese beroep op die publiek gedoen het om tog maar die so goed bedoelde Idasvallei skema te wil aanvaar, het die Burgemeester dit as vanselfsprekend beskou dat prof. Cilliers se mosie unaniem sou aangeneem word, en dit ook so gestel, sonder om 'n sekondant te vra en die voorstel tot stemming te bring. By wyse van amendement het mnr. E. van Niekerk egter voorgestel om proff. Scholtz, Reinecke, Cilliers, Straszacker en dr. Taljaard

Vervolg op bls. 4, kol. 2.


# Rook Springbok-Sigarette

# SPORT

## BOFBAL

As daar geoordeel moet word volgens die belangstelling wat daar onder nuwelinge heers vir die spel bofbal, hoef die Maties nie te vrees vir die toekoms nie. Die bestuur het gevolglik drie spanne ingeskryf vir ligawedstryde — een in die eerste liga en twee in die tweede. As uitrusting nie so skaars was nie kon selfs meer spanne ingeskryf word.

Bekende figure soos Jan Burger, Daan Swiegers en Wouter Hugo het almal smiddags al hul verskyning gemaak by die oefeninge. Hierdie persone speel onder andere ook in die eerste voetbalspan en as hul 'n kolf en bal kan hanteer soos 'n voetbal kan hul verseker wees van hul plek in een van die spanne. Hugo se hanteerwerk is verbasend goed vir 'n beginner en as hy sy kolfwerk bietjie kan opknap, behoort hy die ver te bring in die bofbalwêreld. Burger se gooiwerk is weer goed en hy besit beslis moontlikhede.

Saterdag begin die liga-wedstryde maar dis nog nie seker teen wie die Matiespan gaan optree nie. Heel waarskynlik sal dit teen Tuine wees op Coetzenburg. Tuine is 'n span wat vanjaar vir die eerstekeer hul verskyning maak maar as George van Reenen, Piet Kriel, Jappa Bredell, Kempen, Vos en Koos Brink kan bofbal speel soos hul rugby speel wag daar vir hul 'n groot toekoms in die bofbalwêreld. Koos Brink, Jappa Bredell en Laurie Oberholzer is natuurlik bekend in Matie kringe. Brink en Oberholzer het nog verlede seisoen vir die Maties gespeel.

Dis nog nie seker hoe die Maties se span saamgestel is nie maar die waarskynlikste is die volgende: A. Ackerman, M. Brink (k), J. Basson, J. Wilkens, W. du Toit, P. van Wyk, D. Marais, P. de Wet en T. van Rooyen of W. van Dyk. Pierre de Wet se arm is nog nie reg vir die gooiwerk nie, gevolglik sal hy in die buiteveld speel. Die battery sal dus heelwaarskynlik bestaan uit A. Ackerman en Boesman Brink. Die Maties was ongelukkig om drie staatmakers soos Koos Brink, Johan Haupt en C. Haupt te verloor. Die gooier is moeilik verplaasbaar.

As die eerste span egter die einde van die jaar Transvaal-toe gaan toer, behoort hul op volle sterkte te wees. As hul terugkeer van Pretoria af sal hul heelwaarskynlik 'n wedstryd op Bloemfontein ook speel om meer belangstelling vir die spel daar te wek.

Vervolg van bls. 2, kol. 4.

in adviserende hoedanigheid by die Raad te voeg vir die spesifieke doel om die Raad by alle moontlike aangeleenthede in verband met hierdie skema van watervoorsiening behulpsaam te wees. Hierdie amendement is deur die voorsteller van die mosie aangeneem en, volgens verklaring van die Burgemeester, ook deur die vergadering unaniem aangeneem.

Die wyse waarop prof. Stegmann by die verdaging van die vergadering die Burgemeester bedank het vir sy vriendelike leiding van die verrigtings het goed in die smaak van die publiek geval, wat hom teen hierdie tyd in 'n byna sportiewe luim bevind het, dank sy ook die meerdere lig wat deur die dramatiese voordragte van die aand op die belangrike vraag gewerp is.

## TENNIS

Nadat ons eerste mansspan verlede week met so 'n puik vertoning skoonskip gemaak het teen Wespunt, kan 'n mens met 'n taamlike mate van vertroue uitsien na môre se wedstryd teen Seepunt. Laasgenoemde span is waarskynlik die sterkste teenstanders waarmee die Matiespan te doen sal kry, en indien hulle môre daarin kan slaag om 'n oorwinning te behaal, sal niemand meer aan hulle speelkrag kan twyfel nie.

Die Matiespan verkeer in 'n besonder sterk posisie met twee sulke puik enkelspelers soos Muller en Theunissen, wat gewoonlik sorg vir twee wedstryde. Môre kry hulle dit te doen met Dorrington en K. Milne, 'n broer van die oud-W.P.-kampioen, en self die junior kampioen van die Westelike Provinsie. 'n Mens kan met 'n taamlike mate van sekerheid 'n oorwinning vir Muller voorspel en soos Theunissen tans speel, behoort ook hy nie baie moeilikheid te ondervind met sy teenstander nie.

Die knoop lê egter in die dubbelspelle. Hier beskik die Seepunters oor so 'n uitstekende paar soos C. Parker en Clarkson. Dié twee veterane het verlede week nog pragtig vertoon en ons manne sal hulle sokkies moet optrek as hulle nie geklop wil word nie. Sowel O'Kennedy en Krige as Barnard en Retief is teenswoordig egter so mooi op stryk dat hulle seker sal kan sorg vir ten minste twee wedstryde, wat dan ook o.i. die deurslag in hul span se guns sal gee. Dat daar taai geveg sal word, is egter seker en tennis van 'n hoë standaard kan verwag word.

## AANDAG ASSEBLIEF!

### Debatsvereniging.

E.k. Dinsdagaand vind in die Paarl plaas die jaarlikse interdebat tussen U.S.-Debatsver. en O.K.P. oor die onderwerp: „Verpligte Godsdiensonderig in skole is noodsaaklik."

* * *

### O.B.-Studentekommandos.

Vanaand om 7.15 'n gesellige braaivleisaand in die bos bokant die Jan Marais-park. Interessante items word gelewer en verversings verskaf.

* * *

### Die Jan Marais-park.

Namens die studente wat dit versoek het, het prof. dr. Wilcocks daarin geslaag om die ure wat die Jan Marais-park oopgestel het vir die publiek tot 7.30 n.m. (of sononder in die Somer!) te verleng.

* * *

### S.V.R.-vergaderings.

S.V.R.-vergaderings word swak bygewoon vanjaar en by die voorlaaste geleentheid moes die lede gehaal word om 'n kworum te kry.

## KWEEKSKOOLNUUS.

Mnr. Japie Weidemann is gekies tot primarius van die Kweekskool vir 1946. Mnr. Jan Hurter is ondervoorsitter.

* * *

Mnre. C. Cagiano en J. Weidemann is die gesamentlike houers van die Kweekskoolredenaarsbeker vir 1945.

* * *

Die Kweekskool-eksamens begin op 11 Nov. en sluit af op 11 Desember.


O.N.O.
SE KLANK-BIOSKOOP
bied aan:
TOMBOY
(Jackie Moran)
en
JUNIORDAG 1945
Plus 'n aantreklike voorprogram.
in die
KONSERVATORIUMSAAL
op
SATERDAGAAND 20 OKT.
om 8 n.m.

HENDRIKZ
(Foon 95)
Vir ELEKTRIESE BENODIGHEDE,
RADIO en alle Elektriese Reparasies
(Langs Voortrekker Apteek)
ANDRINGAST., STELLENBOSCH

Dr. MARLOTH
Flora van Suid-Afrika
Versameling van 16 pragtige
KUNS-AFDRUKKE
teen slegs 27/6 per stel.
—o—
Max Jurisch
NATURAL SINES & COSINES
£1-5-0.
Verkrygbaar by
R. Müller's
Musiekhandel
Pleinstraat — Stellenbosch.

WELKOM MATIES !
REFLEX STUDIO
Andringastraat.
DIE STUDENTE-AFNEMER.

Klere van Hoë gehalte teen billike pryse
J. THERON SMIT
Pleinstraat
STELLENBOSCH


HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

die maak van u volgende
Paar Sandale
Skoene
BESOEK
LUBBE
EN SEUN
die deskundige skoenmakers en repareerders
Foon 440

Vir BLAKENDE GESONDHEID
drink HEERLIKE
KWV
DRUIWESAP
Onthou ! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum


Onthou u kan oral 'n Raket Koop — maar is dit gesnaar deur 'n Deskundige ?
Ons nuwe voorraad ingevoerde Rakette is nou hier deur die volgende fabrikate : Dunlops, Slasengers, Grays en Brewers. Ook Tennisballe.
Gebrs. DE WET
Die Plattelandse Sportwinkel

MATIES!!!
DE CLERK
DIE DROOGSKOONMAKER
GOEIE VINNIGE DIENSTE.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.